# KINDERKERK: Ou Testament speletjies

**Doel van les:**

- Ons leer bietjie van die Bybel deur middel van speletjies. Hierdie speletjies het ons gekry by:

http://hollyshome-hollyshome-hollyshome.blogspot.com/2015/12/minute-to-win-it-old-testament-bible.html

**Ysbreker 1: Boek ordes:** Vandag gaan ons bietjie kyk hoe goed julle al die Bybelboek name ken. Ek gaan die naam sê en 'n beweging saam doen en dan gaan julle dit agter my aan doen. Is julle reg? (Boek ordes is 'n ekstra dokument wat jy aflaai).

**Ysbreker 2: Bybel smokkel:** Maak 'n groot sirkel en kies 'n kind om in die middel te staan om die speletjie te begin. Kry 'n kleiner Bybel om die speletjie mee te speel. Laat die kind in die middel sy/haar ogies toemaak en gee die Bybel vir 'n kind wat in die sirkel staan. Almal in die sirkel staan met hulle handjies agter die rug. Laat die kind in die middel sy/haar ogies oopmaak en probeer raai agter wie se rug die Bybel weggesteek is. Sodra die Bybel gevind is, kan 'n ander kind 'n beurt kry om in die middel te staan en te raai.

**Sê:** Het julle geweet dat mense in party land glad nie Bybel mag lees nie? Hulle word sommer in die tronk gegooi deur mense wat Jesus nie ken nie en hulle Bybels word verbrand. Dan steek hulle ook hulle Bybels weg omdat hulle weet hoe belangrik dit is om 'n Bybel te hê en te lees. Ons moet vir hulle bid dat Jesus hulle sal beskerm en dat die mense wat die Bybels verbrand ook vir Jesus sal leer ken. Ons moet ook vir Jesus dankie sê dat ons nog mag Bybel lees en soveel doen as wat ons kan om ons Bybels te leer ken soos ons maak in die klassie.

Ons het hierdie kwartaal al sommer 'n klompie dinge oor die Bybel geleer, en ook 'n klompie boeke se name geleer. Vandag gaan ons Bybel speletjies speel, en dit gaan oor die dinge wat in die boeke gebeur het waarvan ons die kwartaal geleer het.

**Speletjie 1: Toring van Babel:** Daar was baie lank terug mense wat 'n hoë toring wou bou wat tot by die hemel uitkom. Dit het nie so lekker uitgewerk nie. Ons lees van die Toring van Babel in die boek Genesis. Elke groep kry 'n klomp plastiek/styrofoam glasies en ons kyk wie kan in een minuut se tyd die hoogste toring bou.

**Speletjie 2: Noag en die ark:** Noag moes 'n groot ark bou en diere op die ark kry voordat God baie reën sou stuur. Gee vir elke groep 'n houer (die opening moet nie te groot wees nie, soos bv. 'n peanutbutter bottel) en dan gelyke getal plastiek diere. Plak 'n prentjie aan die buitekant van die houer van Noag se ark. Laat die groepe in rye staan en die houer moet by hulle voete wees. Een vir een moet elke kind probeer om 'n plastiek diertjie in die houer te laat val,

deur die diertjie gelyk met hulle neus te hou. Die span met die meeste diere in die houer aan die einde van een minuut wen.

**Speletjie 3: Skapies in die kraal:** Moses het skape opgepas voordat hy God se volk uit Egipte gelei het. Gee vir elke kind 'n strooitjie. Elke groep kry gelyke aantal stukkies watte en twee papierborde. Sit al die watte op die een papierbord en die ander bord 'n klein entjie weg van die bord met die watte in. Die watte is skapies wat nou na die kraal (ander papierbord) geneem moet word. Kinders moet met die strooitjie die watte vassuig en dit oorplaas na die ander bord. Kyk watter groep die meeste skapies na die kraal aangejaag het aan die einde van een minuut.

**Speletjie 4: Josef se kleed:** Gee vir elke groep gems, en 'n inkleurprent van Josef se jas, en backing boards om op te druk. Sê: Josef se pa, Jakob, het vir Josef 'n pragtige jas met baie kleure gemaak om te dra. Julle moet nou Josef se jas inkleur. Dit was 'n spesiale jas gewees, so julle gaan dit op 'n spesiale manier inkleur. Sit die prentjie op jou backing board en dan kom dit op jou kop. Julle moet ten minste vyf verskillende kleure gebruik om die prentjie mee in te kleur. Kom ons kyk wie kan die prentjie klaar inkleur voor een minuut verby is.

**Speletjie 5: Gooi Goliat om:** Dawid het teen Goliat gaan veg met net 'n slingervel en vyf klippies. Maar God was aan Dawid se kant en hy het Goliat gewen. Gee vir elke groep 'n "Goliat" en 'n ping pong balletjie. Laat die Goliat so entjie van die groepie staan met die kinders wat in 'n ry staan. Een vir een kan hulle die ping pong balletjie na die Goliat gooi om hom om te gooi. Tel hoeveel maal die groep Goliat in een minuut kan omgooi.

Sluit af met gebed in groepe.






